

**26 September**

**Dood: 'n Sug tussen lyding en heerlikheid**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:1-30**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:18**

As iemand vir wie jy baie lief is, sterf, word iets diep in jou oopgeruk. Met die dood bevind jy jou op die onbegryplike grens tussen lyding en heerlikheid (vs 18).

Die sondeval is die oorsaak van alle lyding en swaarkry in die wêreld. Romeine 8 maak bekend dat drie duidelike versugtinge van lyding na God opklink:

- *Die hele skepping* sug om bevry te word van die tydelikheid daarvan (vs 21).
- *Ons* wat sy Gees ontvang het, sug ook in afwagting tot die ewige lewe (vs 23).
- *Die Gees* sug ook soos Hy vir ons by die Vader pleit (vs 26).

Ons lyding staan altyd in verband met Christus se aardse lyding, en as ons dit reg verstaan, weeg ons swaarste lyding (soos met die dood van 'n geliefde) nie naastenby op teen die lyding wat Hy verduur het nie. Hy is onskuldig in ons plek verbrysel as gevolg van ons sonde.

Die wonderlike is egter: Sy lyding het vir ons die heerlikheid van God gebring. As ons dus op die regte manier deel aan God se lyding op aarde, sal ons ook in sy heerlikheid deel (vs 17). Hoewel ons nog in hierdie wêreld is en van swaarkry sug, het ons die sekere, lewende hoop (vs 25) dat dit vir ons uitloop op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly (2 Kor 4:17).

Die dood ruk 'n sug by ons oop ... maar deur Christus se Gees verstaan ons: Die dood is niks meer nie as 'n deurgang van die lyding van hierdie lewe na die heerlikheid wat Christus vir ons voorberei het.

*Sing: Psalm 40:1, 3 (1936-beryming)*

*Ds. RM van der Merwe (Wolmaransstad)*